PR 9. [23]

**PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR SY EDELE APPéLREGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

Die New Nation koerant het op 10 Desember 1991 beëdigde verklarings na die Kommissie verwys. In die verklarings word twee lede van die Suid-Afrikaanse Polisie wat te Schweizer-Reneke gestasioneer is in 'n sameswering om die voorsitter van 'n burgerlike vereniging (civic association) van Ipelegeng te ontvoer en te vermoor geïmpliseer. Die Kommissie was ook voorsien van bandopnames wat deur 'n beriggewer van die New Nation gemaak was en wat na bewering gesprekke met die twee polisiemanne bevat.

Die Kommissie het op 19 Desember 1991 die polisiemanne en die beriggewer in privaat ondervra. Prokureurs wat beide die New Nation en die Suid-Afrikaanse Polisie verteenwoordig, was deurgaans tydens die verrigtinge aanwesig.

Na oorweging van die getuienis het die Kommissie die aangeleentheid vir sy aandag na die Prokureur-generaal van die Transvaal verwys.

PRETORIA

19 DESEMBER 1991